PALS NUUS JANUARIE 2016

Geagte Meneer / Dame

Ons wens u baie voorspoed toe vir 2016.

Ons het reeds vroeg in die nuwe jaar verskeie suksesse behaal.

SKAKELING MET REGERING

1. Minister Nkwinti het opdrag gegee dat sekere projekte in terme van sy nasionale loodsprogram beoordeel word vir hulp en bespoediging. Die proses behels omsigtigheidsondersoeke van die projekte.

2. Ons bedryfshoof Lennox Plaatjies het op 14 Januarie 2016 te Johannesburg ‘n gesprek met die Minister en ander rolspelers op uitnodiging bygewoon. Tydens die gesprek is weer bevestig dat PALS ‘n unieke inisiatief is wat op ‘n eiesoortige wyse deur die Regering ondersteun word.

3. Besoek is op 15 Januarie 2016 van die Departement se Direkteur-Generaal ontvang. Sekere knelpunte en geleenthede is bespreek tydens besoeke aan ‘n paar produsente.

Mpy Reg Nr / *Co Reg No*: 2015/164704/08
Telefoon / *Telephone*: 023 316 1191
E-pos / *E-mail*: lennox@wpals.co.za
Posbus / P O Box: 79 CERES, 6835
Voortrekkerstraat / *Voortrekker Street* 84
CERES 6835

Direkteure / *Directors*: Pieter du Toit (Chair), Raymond Koopstad (Vice Chair), Francois Malan (Member Executive Committee), Tommy Mona, Petri Fourie, Inus Oosthuizen, Jaffie Galant, Nicholas Dicey, Peter Wolfaardt, Robert Graaff

3.1 Na die DG se besoek het hy reeds werk gemaak van sekere van ons versoeke en voorstelle.

3.2 ‘n Spesiale skakelpersoon met kennis van die vrugtebedryf is deur die DG aangestel om koördinering met die Regering te vergemaklik. Mnr Ronald Ramabulana is ook die “CEO” van die National Agricultural Marketing Council (NAMC).

4. Mnr Ramabulana het reeds met sy voorbereidingswerk begin en besoek ons eersdaags om verdere momentum aan die PALS inisiatief te verleen.

5. Alle aanduidings is dat die Regering en Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming groot erns maak met ons inisiatief en versoeke. Goeie vordering word ook tans gemaak met die “Due diligence” ondersoeke van Minister Nkwinti se drie (3) loodsprojekte.

6. Besoek is ook ontvang van Mnr Wouter Kriel, die nuwe Projekbestuurder van Landbou Weskaap se Land Reform Advisory Desk (LREAD) op 20 Januarie 2016. Mnr Kriel het sy kantoor se hulp en ondersteuning aan die PALS inisiatief kom verseker en ook onderneem om te help met sekere projekte se Casidra aansoeke.

ESKOM

7. ‘n Gesamentlike aksiegroep bestaande uit afvaardigings van Agri Witzenberg, Ceres Business Initiative (CBI), Witzenberg Munisipalitiet en PALS is tans in proses met die opstel van ‘n voorlegging wat dan aan Regering en Eskom op hoogste vlak voorgelê sal word, om die gebrekkige kragtoevoer in die Witzenberg area aan te spreek, in belang van die beplande uitbreidings in infrastruktuur, ekonomiese groei en werkskepping in die area oor die volgende 3-5 jaar.

OPLEIDING

8. Positiewe terugvoering is ontvang met die AECI fondsaansoek vir opleiding deurdat ‘n bedrag van R 580 000-00 vir opleiding in PALS projekte goedgekeur is vir 2016. Die PALS Kantoor, in samewerking met Koue Bokkeveld Opeidingsentrum is tans besig om ‘n opleidingsplan saam te stel, waarna PALS deelnemende produsente genader sal word om nominasies te maak vir die opleiding van projekbegunstigdes.

BELASTINGVRYSTELLING

9. Graag wil ons u herrinner daaraan dat die PALS Kantoor staatmaak op u volgehoue ondersteuning. Skenkings aan die PALS maatskappy deur donateurs is belastingaftrekbaar kragtens Artikel 18A van die Inkomstebelasting Wet, aangesien PALS reeds die nodige vrystelling gekry het as Openbare Weldaadsorganisasie.

ANDER GESPREKKE EN INISIATIEWE

10. Die PALS Direksie en die Weskaapse leierskap van AFASA het op 14 Desember 2015 goeie samesprekings gehad waarby albei organisasies onderneem het om saam te werk om grondhervorming en swart ekonomiese bemagtiging in die landbousektor suksesvol te laat geskied.

11. Die PALS Kantoor gaan voort om gesprekke met plaaswerkers en leiers te belê, waarby werkers ingelig word rondom die PALS inisiatief asook enige onduidelikhede en vrae hanteer word. U kan gerus vir Lennox of Izak skakel by die PALS Kantoor om te reël vir ‘n inligtingsessie met u werkers.

    Ons vertrou dat groter vordering met sekere …

Vriendelike PALS groete

WITZENBERG PALS (PARTNERS IN AGRI LAND SOLUTIONS)
Telefoon / *Telephone*: 023 316 1191
E-pos / *E-mail*: lennox@wpals.co.za / gerrit@jvanvuuren.co.za
Posbus / P O Box: 79 CERES, 6835
Voortrekkerstraat / *Voortrekker Street* 84
CERES 6835